Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*Onder die kapitalistiese stelsel is die opgehoopte rykdomme van die enkeling soos mis wat hy weier om oor die land uit te sprei. As jy kyk, sien jy net 'n mishoop.*

# Die O.B.

*Onder die gesagstaat van die Ossewabrandwag sal daar sorg gedra word om die rykdomme oor die land uit te sprei. As jy kyk, sal jy wuiwende graanlande en 'n goed gevoede volk sien.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 3 NOVEMBER 1943. No. 50.

# O.B.-Oorwinning In Woord en Daad Verkondig

## Ossewabrandwag het Stryd Gewen

### Kan Voortaan Net Sterker word en ons Vyand Swakker sê K.G.

**„Vier jaar lank het ons deurgeworstel deur 'n konsentriese storm van geldmag, pers, laster, parlementarisme, mobilisasie en dolle noodregulasies. Ons het deurgeworstel omdat ons moes deurworstel weens ons roeping. En totdat daardie roeping vervul is, sal niks ons breek nie. Na vier jaar van felle vyandskap het die Ossewabrandwag die geloof tot hy 'n blywende magsfaktor in ons volkspolitieke lewe geword het. Maar hy het ook die geloof dat die magte teen hom reeds klaar hul hoogtepunt bereik het," het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, verlede Woensdag by geleentheid van sy verjaardagviering op die Paarl gesê.**

Die K.G. het verwys na die skitterende marskolonnes van duisende O.B.-lede 'n paar weke gelede in Pretoria op Heldedag.



*Dr. J. F. J. van Rensburg.*

„Ek meen dit was selfs vir menig vriend 'n verrassing — en vir menig vyand 'n skok. **Dit was vir almal duidelik dat die vier jare van onderdrukking, laster en verraad die O.B.-kolonne in Pretoria nie gestuit het nie. Net soos die resultaat van 8 Augustus bewys het dat die kolonnes dwarsdeur die land nie afgeneem het nie maar wel toegeneem het aan krag."**

Vier jaar lank het die geldmag ons beveg. Op die goudmyne, in die fabrieke, in die groot besighede en in die banke — orals en elders. Boycotts, ontslag van werkers wat O.B. is, kontribusies aan ons teenstanders, alles solank dit net teen die Ossewabrandwag is. En hierdie magsfaktor — dit moet ons erken — sal teen ons gekant bly, tot sy einde toe, **omdat ons onverbiddelik teen hom gekant is, tot die einde toe!**

**Maar daaroor huil ons nie — daaroor behoort ons eerder te juig. Want juis daarin lê die versekering dat ons Beweging in die nuwe sosialistiese bedeling sal tuis voel; en juis daarin lê die Afrikanerdom se waarborg dat daardie regering, waarin die Ossewabrandwag seggenskap gaan kry, vanselfsprekend 'n anti-kapitalistiese beleid sal voer.**

#### DIE PERS

Newens die geldmag is sy uitvloeisel en mondstuk — die persmag. Vandag is die koerante almal, met een neutrale uitsondering, venynig teen die Ossewabrandwag. Maar ook sonder die pers en tenspyte van die pers, hou ons stand. Nog verlede maand het 'n sogenaamd „nasionale" koerant 'n betaalde advertensie van 'n funksie ten bate van die O.B.-Noodhulpfonds geweier, 'n fonds vir Afrikanervroue en kindertjies van geïnterneerde Afrikaners. **Maar die Noodhulpfonds groei aan.**

Ook die georganiseerde lasterveldtog wat van alle kante op ons geloods was en byna die land in 'n sielsieke inrigting omgeskep het. U onthou die sotthede nog: ons sou met genl. Smuts skakel, maar ook Hitler inligting gee, per radio goedgunstiglik deur genl. Smuts geleen; ons sou Engelse handlangers maar ook Duitse Sappe wees; ons sou godloënaars wees, maar ons sou met een van die Hollandse kerke 'n geheime ooreenkoms hê om hulle na ons oorwinning tot staatskerk te verhef. As hierdie sielsieke sotte in vier jaar die Ossewabrandwag nie kon doodskinder nie, moet ons gesout wees. Deur voort te gaan sal hulle net hulself doodlieg, soos wyle Annanias en Safiera.

**Nee, daardie wapen is stomp geslaan teen ons.** En dan, na geldmag, persmag en liefhebbers van laster, die parlementêre mag. Ek meen ons kan dit ook as kwynende vyand beskou. Per slot van rekening, die parlement bestaan volgens senator Bruckner de Villiers uit sy Majesteit se regering en sy Majesteit se opposisie. En albei

(Vervolg op bls. 2. kol. 3)

## Grootse Magsvertoon in Paarl Met Huldiging van Leiers

**Die Ossewabrandwag het seëvierend uit die stryd gekom. Die sterkste magte kon hom nie vernietig nie. Swakker magte sal dit nog minder regkry. Dit was die trant van die boodskappe wat verlede Woensdagaand in die Paarl weerklink het by geleentheid van die verjaardagviering van die Kommandant-generaal en Adjunk-kommandant-generaal. Die skitterende ontvangs deur 'n stoet motors wat van geen punt oorsien kon word nie, die oorhandiging van die tjek vir O.B.-dag deur Gebied A wat die helfte so groot is as verlede jaar, die puik dissipline van die Kommando-wag — al hierdie werklikhede het die boodskappe van oorwinning breed onderstreep. Die Ossewabrandwag begin sy bestemming nader.**

Die twee leiers is twee myl buite die dorp ingewag deur 'n stoet motors waarvan die voor- en agterpunte nêrens tegelyk gesien kon word nie. Weerskante het die kommando-wag in hul netjiese swart baadjies op motorfietse die optog gereël en binne die dorp het die O.B.-blaasorkes met vrolike marsmusiek die stoet ingelei. Weerskante die strate kon gesien word die stralende oë van ondersteuners en verbysterde gesigte van uitlanderelemente wat plotseling 'n magsvertoning moes aanskou van iets wat volgens hul pers nie bestaan nie. Hulle was sigbaar geskok deur die krasse ontnugtering, en menige spotlag het spoedig verstyf tot 'n gryns van sprakelose verbasing.

'n Groep studente van Stellenbosch wat die hele afstand met fietse afgelê het, het ook aan die optog deelgeneem.

Binne die gepakte stadsaal het 'n plegtige vlaghysing plaasgevind van die drie republikeinse vlae uit die verlede en die toekoms. Die afgerigte optrede van die wag het van deeglikheid gespreek. Die verrigtinge is gelei deur komdt. A. du Toit en met gebed geopen deur eerw. P. Roode. Hoofkomdt. Willie Marsh het die gaste verwelkom.

Genl. J. S. du Toit het die uitslag van 8 Augustus se insameling bekend gemaak en hulde gebring aan die trou en ywer van die vrou wat deur taaie volharding daarin geslaag het om die opbrengste van Gebied A en B (Wes- en Oos-Kaapland) te laat styg tot meer as £9,200 vergeleke met £6,300 verlede jaar. Sy het hoofkomdte mev. J. A. Smith gevra om die tjek van Gebied A aan die K.G. te oorhandig. **Dit is £7,692, wat byna £1,500 meer is as die opbrengs van die hele Kaapland verlede jaar.**

#### BAIE NABY

Gebiedshoofgeneraal dr. F. D. du T. van Zyl het die gelukwensinge aan die twee leiers oorgebring. Hy het verwys na die stigting van die Beweging vyf jaar gelede. In daardie vyf jaar het hy sy hoogste hoogtepunt maar ook sy diepste laagtepunt bereik. Nogtans het hy alle aanslae oorlewe. „Het dit dan besondere optimisme nodig om te besef dat die Ossewabrandwag onderweg is na sy oorwinning?" het genl. Van Zyl gevra. **Spr. voorspel dat die Beweging binne vyf jaar in staat gestel sal word om sy grootste taak te vervul, naamlik om deur middel van die staat te sorg vir die menswaardige bestaan van elke Afrikaner.** En onder Afrikaner verstaan spr. elke assimileerbare persoon wat ons land en volk as syne

(Vervolg op voet kol. 2, bls. 3)

## O.B.-Dag Openbaar Geweldige Kragtoename

**Ossewabrandwagdag het in Kaapland bewys gelewer dat die Afrikanerdom se krag in sy buiteparlementêre beweging met rasse skrede toeneem namate hy by die Britse stembus veld verloor. Ondanks die kwaaiste vervolging en boikot het die kommando's van Wes- en Oos-Kaapland deur hul kraginspanning op 8 Augustus die skitterende bedrag van £9,200 ingesamel. Dit oortref dié van verlede jaar met bykans die helfte. Gebied A (Wes-Kaapland) se opbrengs is £7,692 en Gebied B (Oos-Kaapland) £1,545. Gebied A alleen het vanjaar £1,400 meer as die hele Kaapland verlede jaar, toe die opbrengs £6,300 was.**

**Hierby is nie ingesluit nie die duisende ponde wat gedurende die jaar bygedra is tot die Noodhulpfonds. Die insamelings vir 8 Augustus gaan na die strydfonds van die Beweging en staan heeltemal apart van die versorging van die afhanklikes van gevange Afrikaners.**

Sonnige tabakblare rus in geurige ou wynvate. Onverstoord word hul ryper en ryper totdat u die volmaak geurige beleë kwaliteit van drosdy-tabak kry.



drosdy die rypste tabak bekend.

-TABAK IS IN OU WYNVATE BELEË

120 Takke 49,000 Lede **AVBOB** Reserwe-fonds £144,000

Hoofkantoor:

St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN

Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

W. F. CARSTENS

(Edms.) Bpk.

BEGRAFNISONDERNEMERS en BLOEMISTE

Centralweg 52, Fordsburg

Beckettsgebou, Presidentstraat, Johannesburg

DIENS ONOORTREFLIK — PRYSE LAAG

VERLOWINGS, HUWELIKE, GEBOORTES

Kondig dit aan in DIE O.B.

*HET U AL BESTEL?*

*Indien nie,*

*doen dit tog dadelik!*

*MÔRE MAG TE LAAT WEES*

GENERAAL

J. B. M. HERTZOG

*'n Lewensgeskiedenis*

deur

C. M. van den HEEVER

★

Verskyn Eersdaags

★

**Die boek beslaan ongeveer 900 bladsye met seldsame fotos op kunspapier. U sien hom as seun, as student, as regter, as politikus, as leier, as Eerste Minister, as mens — en dan as banneling in sy eie land!**

HIER IS 'N BOEK WAT ELKEEN MOET BESIT

Prys £1-2-6

EN POSGELD 1/6

**Weens die oorlogsomstandighede kan ALLEEN kontant-bestellings in aanmerking geneem word. Gereed teen die helfte van 1943 MAAR bestel nou.**

DIE OPLAAG IS BEPERK

AFRIKAANSE PERS BEPERK

Posbus 845. Johannesburg.

# O.B. HET STRYD GEWEN.

(Vervolg van bls. 1)

is reeds jare lank teen ons in 'n wedywer van venynigheid. Van die regering het ons gekry kampe, tronke en uitskoppery; van die opposisie het ons gekry uitlewering van S.J.'s en oorhandiging van beëdigde verklarings aan die Minister van Justisie. Dit kan nie erger nie.

TYDELIK

En les bes ons sterkste teenstander, die staatsmag in hande van 'n kapitalisties-imperialistiese regering.

Vier jaar lank het ons 'n storm deurgemaak wat **uit sy woedende aard moet tydelik wees.** Jy kan nie ewig en altoos 'n land regeer met behulp van noodregulasies en arrestasies van teenstanders sonder aanklag en verhoor nie. Vroeër of later moet jy weer na normale toestande terugkeer, sonder noodregulasies teen amptenare en konsentrasiekampe en doodstrawwe vir politieke oortredings. **En die dag wat die noodregulasies — uiteraard verbygaande maatreëls — verval, wil ons sien wat 'n geharde en gebreide beweging soos die Ossewabrandwag onder die knie sal hou.**

Hoe die noodregulasies aangewend is, weet ons. By uitstek teen die Ossewabrandwag met klopjagte, arrestasies en interneringS. Vier jaar lank is republikeinse Afrikaners sonder aanklag en sonder verhoor in kampe of tronke gesmyt. Honderde en nogmaals honderde kwyn agter hoë mure of doringdraad. Vier jaar lank had gewetenlose elemente vrye teuels. Selfs onder die skadu van die galg het een van hierdie betaalde vampiere gaan aas na promosie. **Orals en elders was die Ossewabrandwag vrye wild vir diesulkes, vier jaar lank. Maar hulle grondves op die noodregulasies en hulle val met die noodregulasies.**

**En as ons teenstanders in vier jaar met behulp van sulke metodes ons nie kon breek nie, gaan veertig jaar van gewone politieke stryd ons g'n haaraf maak nie.**

DIE LEER

Maar ook behalwe die noodregulasies beskik ons teenstander, die huidige regering, oor fenomenale dog verbygaande magte. Geld vloei soos water in die kringe van sy aanhangers, veral weens die oorlogsuitgawes. Oor die 230,000 mans en vroue is gemobiliseer in die leër. Oor die 230,000 mans en vroue direk afhanklik van ons teenstander, beide vir bevel en soldy. En agter hulle staan duisende families en afhanklikes.

Hierdie mag — die gemobiliseerde militêr — wat blindelings die leiding moet volg, is vandag die sterkste politieke wapen waaroor ons teenstanders beskik. **Duisende en tienduisende van daardie soldate hoort eintlik in ons geledere tuis, en is bloot deur uniform en militêre kontrole van ons afgesny, 'n wapen in die hande van dié wat ons beveg. Alles berus op mobilisasie. Maar ook hierdie sterkste struikelblok moet 'n einde kry, en alreeds is 'n Minister van Demobilisasie benoem.** En daaruit gaan soldate nie net vry word nie, maar ook bitter ontevrede word met hul huidige heersers. Daarvoor waarborg die naam van die betrokke Minister dit, hy is meneer Harry Lawrence.

En elke Afrikaner wat uit die leër treo is een minder in die hande van die vyand en baie van hulle is soveel meer in die geledere van die Ossewabrandwag. **En hulle is welkom en ons sal geen deur in hul gesig toeslaan nie. Want ons sien in hulle die mede-Afrikaner en die mede-stryder in die eindstryd wat voorlê. Ons sien nie die uniform aan die Afrikaner nie; ons sien die Afrikaner in die uniform.** Sy party-trou of rooilus is minder belangrik. Hoofsaak is sy Afrikanergesindheid en die bloed in sy are. Want die Ossewabrandwag is 'n wapen van die Afrikanerdom, en nie net van die Nat of die Sap nie. En ons gaan geen volksgenoot aan die Empire gewonne gee net omdat hulle onder dwang of misleiding 'n rooi of 'n blou lus op sy skouer geplak het nie.

BEWYSE

Laat ons hierdie feit voor oë hou: **namate die Empire-militêr in omvang afneem deur demobilisasie word die pen sterker. En dit gebeur vandag onder ons oë.**

En wat was die resultate van hierdie magsaanwending van die regering teen die O.B.? Het hulle ons afgeskrik of het hulle ons net harder gemaak? Ek kan honderde bewyse aanhaal maar ek volstaan met twee voorbeelde uit die jongste verlede, in ons vyfde jaar.

Generaal ds. Vorster het met sy vrylating 'n boodskap uit die Sentrale Gevangenis gebring, nl. **dat ons veroordeelde kamerade agter die hoë mure ons verseker dat hulle g'n aparte vrede met die vyand sal sluit nie. Ek het hulle van ons kant af laat weet dat solank een enkele van ons kamerade agter slot en grendel sit vir ons stryd, sal ons die stryd daarbuite nie staak nie. Een vir almal, almal vir elkeen. Ook ons sal g'n aparte vrede oorweeg nie, want die Badoglios is uit die O.B. uit.**

**En uit Koffiefontein -konsentrasie kamp het ek 'n bedrag van £14-11-6 ontvang, vir die strydfonds van die Beweging. Uit hul armoede en uit hul sware lyding dra ons kamerade hul sweet-penninge by! Voorwaar, mens moet swakker as swak wees as so 'n gees jou nie met staal besiel in die stryd nie.**

Nee, in die tronke en konsentrasiekampe en in die vier jaar lange stryd daarbuite is 'n geloofsgemeenskap gesmee, die sterkste wapen in die hande van ons republikeinse Afrikanerdom, soos hierdie geslag hom nog nie tevore beleef het nie. **Die Ossewabrandwag het geword 'n historiese Afrikanerfeit met 'n historiese roeping. Wat hy reeds agter die rug het, sterk hom in sy geloof dat hy gespaar word vir groter en meer beslissende dinge wat in die volk se pad wag. En in daardie geloof vrees hy g'n ondergang nie.**

BLYWEND

Na vier jaar van felle vyandskap het die Ossewabrandwag die geloof dat hy 'n permanente magsfaktor in ons volks-politieke lewe geword het. Hy het nie net die ,,Hosannas'', maar ook die lydingsweg beleef, deur kampe en tronke tot aan die yskoue skadu van die galg — dit alles geroepe deur sy visioen, die Republiek van die Afrikanerdom.

**Ons het die reg om te glo dat die O.B. gekom het om te bly.**

Maar ons het die verdere reg om te glo dat die magte teen ons geskaar, reeds hul hoogtepunt oorksry het. **Enige ontwikkeling moet vir hulle 'n verswakking meebring — hoër as die hoogtepunt kan hulle nie. En enige ontwikkeling is vir ons 'n versterking. En ontwikkeling is onvermydelik — dit is die Wet van die Lewe.**

As iemand my vra, hoe mens met binnelandse magsverhoudings die eind-oorwinning van die Ossewabrandwag kan stuit, dan moet ek eerlik beken: ,,Ek weet nie''.

En met die Ossewabrandwag sal seëvier die Republikeinse strewe, die partylose Gesagstaat, nasionaal en sosiaal van aard.

**As daardie Volk 'n historiese roeping het, sal God ook die nodige wapen in sy hand druk. En na vier jaar van stryd word die wapen vir vriend en vyand sigbaar: die Ossewabrandwag.**

MAKKAGENISKAP

Vroeë Môre-Mark

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

*MINNAAR & VAN SCHOOR*

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

# Terugkeer tot Christelike Waarhede

„Daar is iets wat ewigdurend is en dit is reg en waarheid, en of daar 'n tydgees is wat daarteen indruis of nie, die ewige waarheid en reg is soos 'n brandende fakkel in 'n swart verloregaande wêreld," het genl. J. A. Smith, A.K.G., in sy toespraak gesê. Hy het beklemtoon dat die Ossewabrandwag organisatories steeds sterker word en wel omdat hy die volksmure weer opbou wat ander afgebreek het. Die volk erken hom as die saambindende organisasie. Die beweging erken 'n verskeidenheid van funksies in die volkslewe, maar die Ossewabrandwag het een funksie alleen en dit is om die Afrikanerdom saam te snoer tot 'n magsfaktor wat sy ideale sal verwesenlik.

Ons leef in 'n wrede wêreld waar waarheid nie meer waarheid en reg nie meer reg is nie — waar geleer is om mekaar uit te buit, het genl. Smith voortgegaan. **Maar daar is 'n ontwaking in die geledere van alle volke, 'n terugkeer tot die Christelike plig wat leer dat ek my broer se wagter is. Die Ossewabrandwag is 'n faktor in daardie Christelikheid. Hierdie beginsels van reg en waarheid is onverwinlik en in Suid-Afrika het ons in die Ossewabrandwag 'n tasbare bewys dat hierdie Christelike waarheid nie ten onder gebring kan word nie.**

Ons glo aan nasionalisme omdat God die nasies geskape het en ons glo aan sosiale broederskap omdat God ons broers gemaak het. Dit is ons anker. **Uit hierdie Christelike idee moet gebore word die Christelike praktyk en dit is nie iets wat tot môre uitgestel moet word nie.** Ons sal ons plig versuim as ons nie elkeen sy strooi optel om die volksgebou mee op te rig nie — gesamentlik een groot skeppingsdaad. U is geroepe omdat u oortuig is van hierdie waarheid, het die A.K.G. gesê. Vir hom wat nie krag het om sy deel by te dra tot die volksgebou nie, moet ons help — dit is ons sosiale verpligting. Alleen deur eendragtelike optrede kan daardie ideaal verwesenlik word. Daarom kan dit alleen 'n volksbeweging wees wat dit doen waarin die hele volk so georganiseer, voorberei en gedissiplineerd word dat hy enige geleentheid wat kom of wat hy self skep deur sy voorbereiding kan aangryp om die vryheid te bring. **Nog nooit het die Afrikanervolk teruggedeins vir enige toestand nie. Deur kerkhowe, tronkdeure en doringdraadkampe het hy in die verlede beweeg en deur kerkhowe, tronkdeure en doringdraadkampe sal hy onderkant uitkom, behoue en vry."**

Adresse is die K.G. en A.K.G. deur die Boerejeug aangebied wat hulle ook 'n mooi lied toegesing het. Die arbeidslaer van Stellenbosch het aan die K.G. 'n geskenk oorhandig wat deur hulle self vervaardig is. Die kollekte by die deur is aan die twee leiers as verjaardag geskenk gegee om aan die Noodhulpfonds te oorhandig.

Namens die Boerejeug het klein Helena Gunter met 'n flinke saluut 'n bedrag aan die Noodhulpfonds oorhandig.

## BOEREJEUG STAAN HELE NAG DEUR OP TREIN NA PRETORIA

By geleentheid van die instelling van prof. Dirk van Rooy as Jeugleier het die Kommandant-generaal in sy toespraak gewag gemaak van die moeilikhede waarmee baie van die Boerejeug te kampe gehad het om die plegtigheid by te woon. 'n Besondere geval is dié van die Nylstroomse Boerejeug. 'n Vyftigtal van hulle het vroegtydig 'n spoorwegwa bestel. Dit is aan hulle toegestaan, maar toe hulle die nag om twaalf-uur op die trein wou klim, is aan hulle gesê dat daar geen wa vir hulle beskikbaar is nie. Daar was wel 'n wa vir 'n twintigtal naturelle afgesonder. Die Boerejeug het hulle nie daardeur laat terughou nie. Hulle het eenvoudig die trein gestorm en die gange en brugge beset. **Die hele nag deur het hulle gestaan en die volgende oggend deelgeneem aan die parade in Pretoria. Die middag het hulle weer deel uitgemaak van die reuse-optog na die Krugerstandbeeld. Dit is die gees van die Boerejeug binne die Ossewabrandwag.**

## SPAARBUSSIE GESKENK

Christoffel Botes van Wynberg het 'n hele bussie vol spaarpennies wat hy verdien en opgegaar het aan sy hoofkommandant geskenk vir die Noodhulpfonds. Die bedrag daarin was nege sjielings.


## *TOT U DIENS!!*

Reeds vir 2 jaar is ons besig om ons naam in Kaapstad bekend te maak. Nou is dit ons aangenaam om ons aan plattelandse lesers en onbekende vriende bekend te stel.

**ONS BIED U MEUBELS**

vanaf u kombuis tot by u slaapkamer.

Enige spesiale ontwerp word in ons fabriek onder persoonlike toesig gemaak.

**Stinkhout-meubels**

'n spesialiteit en aangebied teen fabriekspryse

**MEYER en FERREIRA**

**Laer Hoofweg 287**

**OBSERVATORY**


## DANK VIR HULP

Uit Barberton skrywe mev. M. M. E. van Zyl as volg aan die Sekretaris van die O.B.-Noodhulpfonds:

„. . . . Hiermee wil ek graag aan al ons troue Afrikaners, vriende van Barberton en distrik, as ook in al die ander dele van ons land, baie dankie sê vir hulle troue ondersteuning en liefde in die tyd van dertien maande se beproewing van gevangenis en internering van my man. Die las was soveel makliker om te dra. Ons opoffering was groot. Hy moes prysgee sy werk — 22 jaar diens — en dit sonder aanklag of verhoor. Maar ons sê ‚sit skouer aan die wiel, voorwaarts, veg vir ons vryheid en reg! Lank lewe die Oossewabrandwag'!"

## *BURGERSDORP WOELIG*

Die Kommando's Burgersdorp en Venterstad het nieteenstaande soveel teenhede hulself weer oortref met die insameling van £80 vir Ossewabrandwagdag.

Ter geleentheid van die rolprentvertoning Die Gedissiplineerde Afrikanerdom en die Heldedagfunksie is £10 3s. 5d. vir die Noodhulpfonds deur die Burgersdorpse kommando ingesamel. Die „geraamte" word woelig!.—(Meegedeel.)

## Grootse Magsvertoon in Paarl

(Vervolg van bls. 1)

aanvaar. Die groot nasionale en maatskaplike revolusie is reeds klaar met welslae deurgevoer. Daar is nog net die uitwendige spartelinge van die magte van die kapitalisme, en wat dit betref, hoef daar ook nie oor Oosfronte en tweede fronte geredeneer te word nie. **Daar is politieke omwentelinge in die buiteland aan die broei en die kuiken is baie naby aan die uitkom.** Ons tyd sal miskien baie gouer aanbreek as wat ons nou besef, het genl. Van Zyl beklemtoon, en gesluit met 'n spreuk wat hy wil meegee: Soos die ergste in die verlede nooit gebeur het nie so sal die ergste in die toekoms ook nooit gebeur nie.

# BYEENKOMSTE!!

Die Gebiedsleier van Gebied „E", die Rand,

**H/GENL. LOUIS BOOTHA**

sal met sy reis deur Gebied „A", Kaapland, byeenkomste op die volgende plekke en datums toespreek. Waar die plek van byeenkoms of die tyd nie aangegee word nie, sal dit plaaslik bekend gemaak word.

| | | |
|---|---|---|
| KAKAMAS | 6 Nov. | 4 nm. |
| UPINGTON | 6 Nov. | 8.30 nm. |
| BRITSTOWN | 8 Nov. | |
| DE AAR | 9 Nov. | |
| VICTORIA-WES | 10 Nov. | |
| BEAUFORT-WES | 11 Nov. | |
| WORCESTER (Voortrekkersaal) | 12 Nov. | 8.30 nm. |
| PORTERVILLE | 13. Nov. | |
| KAAPSTAD (Hofmeyrsaal) | 15 Nov. | 7.45 nm. |
| OUDTSHOORN | 17 Nov. | |


## ONS MENSE.....



n die goeie ou dae toe die lewe nog so maklik gegaan het, soos dit nou vir ons lyk. 'n Prent van 'n gelukkige, versorgde huisgesin!

Vandag se portret en modes lyk anders. Ook die lewenswyse het totaal verander. Maar één ding bly nog dieselfde—die behoefte aan versorging vir die gesin. En in vandag se haastige, drukke lewe is 'n veilige middel steeds

*'n Santam-polis*

SANTAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.

— TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE —

HOOFKANTOOR WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD




Opgerig kragtens Maatskappywet No. 46 van 1926.

**TE KOOP**

VAN RIEBEECK-TRUSTMAATSKAPPY BEPERK bied aan:

Die BESTE PRODUSERENDE PLASE met waardevolle verbeterings, in die omgewing BELLVILLE — MALMESBURY — DIE PAARL — SOMERSET-WES — STELLENBOSCH — DIE STRAND — TULBAGH — VILLIERSDORP — WELLINGTON en hele KAAPLAND.

DIE BESTE KOPIES WORD DEUR ONS GEREËL.

WOONHUISE in Kaapstad, Voorstede en omliggende dorpe teen die BILLIKSTE PRYSE.

Om verdere besonderhede doen aansoek by:

**Van Riebeeck-Trustmaatskappy Beperk**

SECURITY-GEBOU, Bus 1527, Foon 3-0764, KAAPSTAD; of sy Takkantore, Voortrekkerweg, Bus 48, Foon 9-7222, BELLVILLE; en Michaustraat 11, Bus 56, Foon 178, DIE STRAND.

*Hoofartikelblad Advertensies*

Aankondigings van O.B.-funksies word in hierdie kolom opgeneem teen 10/- per duim.

# AANDAG!!

'n Verkoping van Handwerk, Eetware ens., word gehou in die

VRIENDSKAPSENTRUM

Groote Kerkgebou, Kaapstad

op

*MAANDAG, 15 NOVEMBER*

beginnende om 2-uur nm.

- Die opbrengs word eweredig verdeel tussen die Noodhulpfonds en die 8 Augustus-fonds.
- Alle Kommando's word versoek om Goedere soos Koek, Naaldwerk en Artikels geskik vir Kersfeesgeskenke voor Maandagoggend 11-uur vm. af te lewer.

*BYEENKOMSTE!*

word toegespreek deur

H/GENL. LOUIS BOOTHA

en

GENL. A. J. HERHOLDT

te

BRITSTOWN

in die Stadsaal om 8 n.m.

op 8 NOVEMBER 1943

en te

DE AAR

in die Stadsaal om 8 n.m.

op 9 NOVEMBER 1943.

Alle nasionaalgesinde Afrikaners hartlik welkom.

# NOODHULPFUNKSIE

SATERDAG, 20 NOVEMBER 1943.

Deur Hoofkommandantskap F.4.A, Pretoria-Wes.

te

KRUGERPARK

H/v. Court- en Mitchellstraat, PRETORIA-WES.

Beknopte Program:

- 3-uur n.m.: Kraampies open.
- 4.30 n.m.: Die Kommandant-Generaal arriveer te perd. Vlaghysing en verwelkoming.
- 7.45 n.m.: Toespraak deur die Kommandant-Generaal.

Volkspele, Jukskei, allerlei geregte.

# MARKAGENTE

Ons is U agente en is trots dat ons dit mag wees. Met ons puik organisasie en versekerde afsetgebied kan ons u tevredenheid waarborg want dit is seker — u tevredenheid is die enigste basis van ons sukses!

Eiers, Pluimvee, Groente, Vrugte, Voer en Vee.

Volkskopermark BPK.

MOREMARK, NEWTOWN,
Foon 34-1442, Wolhuterstr. 62,
JOHANNESBURG.

DIE O.B., WOENSDAG, 3 NOV. 1943.

# Die O.B. is Geroepe

Die Ossewabrandwag het oorwin. Dit is die boodskap wat in hierdie uitgawe aan die leser gebring word. Dit is nie ydele woorde nie, maar nugtere feite wat selfs deur ons felste teenstanders met 'n begrip vir waarheid volmondig erken word. Na vier jaar van Empire-vervolging wat in die afgelope twee jaar versterk is met al die bitsigheid van broedernyd, staan die Beweging vandag en klop aan die poorte van die Suid-Afrikaanse staat. Sommige van ons teenstanders wat luister, het die geklop gehoor en hulle sidder; ander het dit nog nie verneem nie, en hulle sluimer voort. Maar siddering nòg sluimering sal die onafwenbare kan verhoed.

**Die Ossewabrandwag kon nie vernietig word nie, want hy het 'n roeping om te vervul, het die K.G. op die Paarl gesê, en dit is alleen in daardie lig dat hierdie unieke verskynsel verklaar kan word.** Met die ineenstorting van die kapitalistiese stelsel wat volgens mnr. Waterson, in die Atlantiese Handves sy laaste skans verdedig, tree ons die eeu van sosialisme binne. **Hierdie nuwe toekoms met sy radikaal verskillende uitkyk op die lewe, kan nie geskep word deur 'n instrument wat eeuelank in diens van die kapitalisme gestaan het nie. Dit kan alleen bewerkstellig word deur 'n nuwe skepping wat totaal los van die oue staan — 'n skepping nie van mense nie, maar van Hom wat die geskiedenis van die wêreld bepaal.** En as ons onsself in daardie lig as 'n instrument in die geestes-omwenteling beskou, bring dit 'n gevoel van onoorwinlikheid mee, maar daarmee ook 'n besef van dankbare verantwoordelikheid. Ons is geroepenes wat geroep is om te dien.

**DIE OORLOG**

Twee maande gelede het ons met verwysing na die oorlog verklaar dat daar onmiskenbare tekens is dat die stryd sy kunsmatige karakter verloor. **Sedertdien het dit nog duideliker geword dat die kapitalisme reeds aan die verlede behoort en dat die stryd al duideliker 'n botsing tussen die nasionale en onnasionale sosialistiese vorme blyk te wees.** In twee Duitsbesette lande, Joego-Slawië en Griekeland, het dit reeds so ver gevorder dat groepe wat hulle teen die Duitsers verset het, 'n onderlinge broederoorlog voer omdat hulle voor die keuse gestel is om te kies vir of teen die nasionalisme. **Joego-Slawiërs wat kort gelede nog teen die Duitse troepe geveg het, veg vandag saam met die Duitsers teen hul eertydse wapenbroers omdat laasgenoemde die kommunistiese sosialisme gekies het. En as dit die geval is dat mense wat drie jaar lank 'n verbete stryd teen die Duitsers in hul vaderland gevoer het, tans die Duitse kant kies teen hul kommunistiese wapenbroers, dan moet dieselfde keuse hom nog baie sterker opdring aan die volke wie se vaderlandsbodem nooit deur die Duitsers beset of selfs bedreig was nie.** Dit is nie onmoontlik nie dat hierdie verskynsel 'n verklaring bied vir genl. Smuts se teenwoordigheid op die oomblik in Engeland.

**Hierdie feite in die buiteland onderstreep slegs die waarheid dat die stryd op die oomblik gaan tussen nasionale sosialisme en kommunistiese sosialisme, en wat Suid-Afrika betref is die keuse Ossewabrandwag of kommunisme. Die triomf van die Ossewabrandwag oor sy vyande waarin ons sy GEROEPENHEID sien, is vir ons die waarborg dat daar 'n Hoër Wil is wat die stryd in die wêreld ten gunste van nasionalisme gaan uitwys.**

# Ossewabrandwag Gaan ná Oorlog Suid-Afrika Regeer

## Mening van Onafhanklike Tydskrif

**Die oortuiging dat die Ossewabrandwag ná die oorlog die land sal regeer ongeag wat die uitslag van die wêreldbotsing is, word uitgespreek deur die onafhanklike, ietwat linksgesinde tydskrif Trek in sy uitgawe van 8 Oktober.**

In sy politieke oorsig verklaar die blad dat die kiesers ná die provinsiale verkiesing nie veel lus sal hê vir die dun pap van die Verenigde partypolitiek nie. ,,Vir meer as 'n jaar nou en by wyse van voorbereiding vir twee verkiesings, is die kieser op 'n politieke diëet gehou wat so skraal en kunsmatig was dat dit baie mooipraat sal vat om sy besondere groot teësin vir die plaaslike politikus en sy politiek te oorwin,'' lui dit. Hy verklaar dan dat die kieser onder die druk van die komende dinge meer en meer aandag sal skenk aan vraagstukke waarvoor nòg genl. Smuts nòg dr. Malan 'n oplossing bied. Die naderende inflasie, die voedselkrisis, die na-oorlogse ekonomiese warboel is alles dinge waaroor die kieser sal moet dink, want dit is siektes waarvan daar geen vrywaring is nie. ,,As 'n poging om sy ellende te ontvlug, bestaan die moontlikheid dat hy van die Verenigde Party na die Nasionaliste sal draai en dr. Malan aan die bewind sal bring. En indien dr. Malan se ampsaanvaarding saamval met 'n tydperk van wêreldherstel sal hy waarskynlik net so lank as genl. Hertzog aan bewind bly. **Maar indien aan die ander kant — en dit is baie meer waarskynlik — die vrede, instede van die voorloper tot wêreldherstel, die begin is van 'n wêreldwye ekonomiese en maatskaplike ineenstorting, sal sy eerste-ministerskap, indien hy dit dan ooit sal kry, baie kort van duur wees.** En dit sal onthou word nie weens sy bekwaamheid of onbekwaamheid nie, **maar weens die feit dat dit die einde van die kapitalistiese demokrasie in Suid-Afrika sal beteken.** Wat daarna gaan volg, sal afhang van die stroom van buitelandse gebeurtenisse en dit is vir daardie tyd dat dr. Van Rensburg sy beweging, wat tydelik ondergehou word deur die tanende vooruitsigte van die Nazi-mag, nou afrig. Dit kan slegs ondergehou word solank as die demokrasieë die vrede net so goed beheer as wat hulle oënskynlik die oorlog beheer.

SLEGS TWEE MOONTLIKHEDE

,,Indien hulle misluk — en dr. Van Rensburg bou nou net soveel daarop as wat hy voorheen op 'n fascistiese oorwinning gebou het — **sal die demokrasieë self fascisme moet aanvaar ten einde 'n revolusie te voorkom.**

**In hierdie lig is 'n uit en uit Nazi-nederlaag vir dr. Van Rensburg net so belowend as 'n Nazi-oorwinning — d.w.s. as daar geen revolusie plaasvind nie (met revolusie bedoel die blad 'n kommunistiese revolusie, sodat wat hy bedoel, hierop neerkom dat daar net twee moontlikhede vir na die oorlog is — kommunisme of die Ossewabrandwag.—Red.).** Indien daar 'n revolusie kom, sal hy net so meedoënloos weggeveeg word as dr. Malan en genl. Smuts. En hy weet dit. Gevolglik betrag hy die toenemende mag van die Geallieerdes met net soveel belangstelling as wat hy die prestasies van die Duitse leërs drie jaar gelede betrag het. Maar waar sy belangstelling hom toe in regstreekse botsing met genl. Smuts gebring en gelei het tot die internering van baie van sy volgelinge en die botsing tussen hom en dr. Malan, daar sal sy huidige belangstelling klaarblyklik nie sulke gevolge hê nie. Te oordeel na die Verenigde Party se nuusbrief is daar reeds tekens van toenadering tussen die Nasionaliste en die O.B., terwyl volgens Die Kruithoring, amptelike orgaan van die Herenigde Party, die Verenigde Party en O.B.-elemente in kiesafdelings soos Beaufort-Wes saamwerk om die Nasionale kandidate 'n nederlaag te besorg. So verklaar die Verenigde Party se nuusbrief: ,Baie Malaniet-kandidate het tydens die algemene verkiesing met die Ossewabrandwag onderhandel in die hoop om hul setels te herwin . . . en baie van dr. Malan se volgelinge in die Volksraad is hul oorwinning te danke aan ooreenkomste wat hulle met die Ossewabrandwag aangegaan het. Ons kan dus binnekort verwag dat Malanietkoerante die deugde van dr. Hans van Rensburg en Oswald Pirow sal herontdek'.''

Die blad voer dan aan dat die kloof wat daar nog tussen die O.B. en die Herenigde Party en Verenigde Party en tussen die laaste twee bestaan, aansienlik sal krimp sodra daar 'n maatskaplike ineenstorting dreig. As daardie tyd aanbreek, sal die partypolitici ongetwyfeld probeer om hul eie anti-kommunistiese organisasies te skep en dr. Van Rensburg uit te oorlê, ,,maar hulle sal sowel slu as rats moet wees. **Nie alleen beskik Van Rensburg klaar oor 'n organisasie nie, maar hy het die voordeel dat hy — in sy eie woorde — ,onbesmet gebly het van die partypolitiek', iets waaraan die kieser, geskok deur die warboel van sake en die hulpeloosheid van die partypolitiek, 'n oormaat van waarde sal heg. Indien dit die geval is, kan dit nog Van Rensburg wees en nie Smuts of Malan nie, wat die binnelandse koers gaan bepaal. Dit is 'n moontlikheid wat die partypolitici binnekort hoofbrekens gaan besorg en wat enige gedagte aan 'n langdurige vakansie na 13 Oktober dadelik ban.''**

*MARKAGENTE*

DIE BESTE BEHANDELING
ONMIDDELLIKE AFREKENING

ons merk

P & R
PIKE en RÖCHER

Eienaar: Johann Röscher
v. d. Waltstraat 268
PRETORIA.

*SPESIALE AANBOD,* —
LAAT BESENDING AANTREKLIKE
,,Jarmode''- en ,,Gero''-
BAADJIEPAKKE en JASSE
Teen egte verminderde Pryse by

Steyns

PAROW
DIE MODERNE DAMES MODISTE

# *KERSFEESKAARTE!*

MET DIE OSSEWABRANDWAG-WAPEN IN VOLLE KLEURE GEDRUK EN PASSENDE WENSE EN VERSIES

'N PRAGTIGE KUNSWERKIE

KONTANT MET BESTELLING **6/-** (Per dosyn posvry)

Weens papier beperkings is daar net 'n beperkte voorraad Kerskaarte verkrygbaar.

BESTEL ONMIDDELLIK!! VOORKOM TELEURSTELLING!!

Bestel deur

Gebieds-Hoofkantoor, Groote Kerkgebou — Kamer 603, Kaapstad

N.B. — Posbestellings word net vir 'n halfdosyn en meer aangeneem

# Gesonde Nywerheidsontwikkeling Moet Volkswelvaart Verseker

## Behoeftes van Volk Dien as Grondslag

**D.L. 11/43.**

Dit is haas onnodig om nog te beklemtoon dat S.A. geen landbouland is in dié sin dat ons volk vir sy welvaart hoofsaaklik daarvan afhanklik kan wees nie. Om ons volkswelvaart te verhoog of selfs in stand te hou moet ons ook ander welvaartsbronne ontwikkel, en met die oog op die verdwynende goudbate en ook die onsekerheid omtrent die waarde van goud in die toekoms, is ons hoofsaaklik aangewys op 'n groter nywerheidsontwikkeling en die ontginning van ons onedele minerale. Gelukkig beskik ons land oor die natuurlike bronne vir so 'n ontwikkeling. Ons moet net sorg vir voldoende en geskikte arbeidskragte. **As fabriekswerker en tegnikus hoef die Afrikaner vir geen ander volk agteruit te staan nie. Hy moet net 'n geleentheid kry om hom in hierdie rigting te ontwikkel en hiervoor is die Gesagstaat die waarborg.**

Soos reeds in die vorige bespreking op gewys is, beteken dit nie dat die landboubedryf maar verwaarloos of tot 'n ondergeskikte plek in ons volksekonomie verdoem kan word nie. 'n Gesonde landbou-ontwikkeling is immers net so noodsaaklik as 'n gesonde nywerheidsontwikkeling omdat die landbou die produkte moet lewer wat die nywerhede moet verwerk om ons volk te kan voed, kleed en behuis. Die een bedryf is vir sy ontwikkeling van die ander afhanklik en ons volk is vir sy welvaart van albei afhanklik. Die meeste nyweraars besef nog nie dat daar geen sprake van 'n gesonde nywerheidsontwikkeling in ons land kan wees voordat ons landbou eers op 'n gesonde grondslag ingerig is nie.

### PLANMATIG

Net soos in die geval van die landbou moet die nywerhede ook rekening hou met die natuurlike hulpbronne en bodemgesteldheid van ons land. Die ontwikkeling van hierdie produksiebronne moet so planmatig en oordeelkundig geskied dat dit die langs moontlike lewensduur sal hê.. Ons leef nie net vir onsself nie maar ook vir ons toekomstige geslagte. **Selfsugtige winsmotiewe of die voorsiening van die buiteland sonder om die belange van ons volk as geheel in aanmerking te neem, sal nie in die Gesagstaat geduld word nie. Daarvoor sal sy planmatige en gekoördineerde ekonomiese beleid sorg.**

'n Volledige opname van ons land se produksiebronne en arbeidskragte sal eers gemaak moet word. As dit dan blyk dat met die oog op die behoeftes van ons volk in die een bedryf te veel kapitaal belê is in vergelyking met die ander bedrywe, sal die nodige maatreëls getref moet word om die oortollige kapitaal te laat vloei na die bedrywe waar daar meer behoefte aan bestaan. By voorbeeld, as gevind word dat te veel kapitaal na die landbou gevloei het omdat te hoë pryse vir grond betaal is uit vrees vir 'n kapitalistiese ineenstorting of vir spekulasiedoeleindes, sal van daardie kapitaal na ons jong en belowende nywerhede afgewend moet word. Dieselfde sal moet gebeur as dit blyk dat in een bedryf te veel kapitaal in een rigting en te min in 'n ander rigting belê is, by voorbeeld as die bakkerye meer kapitaal getrek het as wat ons behoeftes regverdig en die bewerking van ons wol te min aandag geniet het. Die geleerde mense praat gewoonlik van **rasionalisasie** tussen bedrywe en rasionalisasie binne elke bedryf.

### VOLGENS BEHOEFTE

Die O.B. wil 'n sosiale volksekonomie in hierdie land inrig en handhaaf. **M.a.w. daar moet volgens die behoefte van die volk geproduseer en dienste gelewer word en nie op grond van kapitalistiese winsmotiewe nie. Hondewedrenne, by voorbeeld, sal dan geen bestaansreg hê nie omdat dit volkskadelik is, in geen werklike behoefte voorsien nie en slegs dien om vet winste aan kapitaliste te besorg.**

Dit beteken egter nie dat alle nywer- huishouding as geheel inpas. Slegs in die geval van sleutelbedrywe moet die staat die enigste ondernemer en bestuurder wees. In die geval van plaaslike utiliteitsondernemings soos gasfabrieke en watervoorsiening moet die plaaslike gemeenskap deur middel van hul bestuursliggame die ondernemer en bestuurder wees.

**Deskundiges het vasgestel dat S.A. in staat is om met sy eie produksie in ons volk se lewensbehoeftes te voorsien, as ons net die regte gebruik van ons produksiebronne maak.** Ons kan self in feitlik al ons behoeftes in verband met voeding, kleding en behuising voorsien. Daar is dus geen rede waarom ons nie 'n welvarende en gelukkige volksbestaan deur 'n gesonde landbou- en nywerheidsontwikkeling kan opbou nie. Die kapitalisme het die geleentheid gehad maar een-derde van ons volk het armblankes geword. Die Gesagstaat sal dit deur 'n geordende en planmatige volksekonomie reg stel.

### WERKERS WORD DEELNEMERS

Ons nyweraars en toekomstige nyweraars moet egter goed verstaan dat dit nie alleen die staat se plig is om deur belastings ens. toe te sien dat die volksinkome meer regverdig onder die volk verdeel word nie. Ook hulle moet hul sosiale plig teenoor die gemeenskap besef en uitleef. **In die eerste plek moet hulle hul werknemers as werklike deelnemers in die bedryfsdiens inskakel en hulle behandel as selfstandige volksgenote wat ook 'n reg op 'n menswaardige bestaan het. Geleentheid moet aan die werknemers verskaf word om ook deel te neem aan die bestuur van die besigheid. Hulle kan by voorbeeld nuttige wenke in verband met die verbetering van produksie aan die hand doen omdat hulle self elke dag daarmee te doen het. Daarby voel die werknemers dan ook dat hulle 'n belang in die vooruitgang van die onderneming het en sal gevolglik al hul kragte daartoe inspan.**

Nadat 'n besigheid voorsiening gemaak het vir 'n behoorlike vergoeding en ordentlike werkstoestande vir sy werknemers, en ook die nodige reserwes vir waardevermindering en gebeurlikhede voorsien het, moet hy, nadat 'n redelike rente aan die belegger betaal is, ook bereid wees om die winste, wat daar dan nog mag oor wees, vir die bevordering van ons volkstrewe oor hede en dienste deur die staat oorgeneem en besit moet word nie. Private ondernemingsgees en selfbestuur moet die geleentheid gegee word om alle skeppende volkskragte na vore te laat tree sodat die welvaart van ons volk daardeur verhoog kan word. Die staat moet dit net beheer en toesien dat die volk nie uitgebuit word nie en dat elke nywerheid gekoördineerd in die volksdie algemeen aan te wend.

In die sosiale volksekonomie waarna die O.B. streef, vra ons dus nie alleen na die finansiële betroubaarheid en bekwaamheid van besigheidsbestuurders nie, maar ook na hul sosiale gesindheid. Die bestuurders moet voorsiening maak vir die opleiding van hul werkers, vir hul versorging in tyd van siekte, werkloosheid, hoë ouderdom, ens., vir hul gesonde ontspanning en vir hul direkte inskakeling en medewerking met die bestuur en ondernemers van die betrokke besigheid. Daarby word van die bestuurders verwag dat hulle in hul besigheidsondernemings steeds rekening met die godsdienstig-sedelike beskouings van ons volk sal hou.

Soos ons almal weet het die Afrikaner en sy kapitaal feitlik geen aandeel in die mate van nywerheidsontwikkeling wat ons land reeds ondergaan het nie, behalwe dat hy grotendeels die werknemer van die vreemde kapitaal is. Aangesien die belange van die Afrikanervolk die voorwerp van die O.B. se strewe is, is dit vanselfsprekend dat die Gesagstaat alle moontlike maatreëls sal tref om 'n einde aan hierdie volksvernederende toestand te maak. Wat hierdie maatreëls moet wees sal die tyd en omstandighede leer.

### AFRIKANERS

Ook moet ons volk besef dat ons nog feitlik geen selfstandige Afrikanerondernemers op nywerheidsgebied opgelewer het nie. Die mate van ondernemingsgees wat reeds deur Afrikaners aan die dag gelê is, was grotendeels van persone wie se hoof-belange in ander beroepe is. Ons moet reeds nou al begin om hierdie toedrag van sake te verander deur van ons bekwaamste jong manne aan te moedig om die nywerheidswese as selfstandige ondernemers aan te durf. Dit is 'n plig wat op ons rus as ons 'n aandeel wil hê in die nywerheidsontwikkeling wat in ons land voor die deur staan. Bestaande ondernemings kan by voorbeeld op koöperatiewe grondslag die geleentheid skep vir die opleiding van jong Afrikaners as toekomstige bedryfleiers. Dit is natuurlik een van die eerste take wat deur die Gesagstaat aangepak sal word. Alleen die feit dat ervare en deskundige opgeleide Afrikaners as bedryfsleiers beskikbaar is, sal Afrikanerkapitaal meer geredelik na die nywerheidswese laat vloei.

In 'n vorige paragraaf het ons beklemtoon dat produksie volgens behoefte moet plaasvind en nie uit blote winsoorwegings nie. Ons moet egter rekening hou met die feit dat ons met die skepping van ons Gesagstaat te doen sal hê met 'n koperspubliek wat in die bevrediging van sy behoeftes deur kapitalistiese uitbuiting mislei is. Ons het vandag behoefte aan baie dinge wat werklik geen behoefte is nie. Die Gesagstaat sal dus ook moet toesien dat leiding aan die verbruiker gegee word. Deur stelselmatige voorligting kan ons volk opgevoed word om dié dinge te gebruik wat ons met die meeste voordeel kan produseer of invoer en wat vir ons gesondheid die beste is. Ook sal 'n toesig oor advertensies gehou moet word sodat die publiek nie daardeur mislei kan word nie.

(Vervolg op bls. 6, kol. 4)


**SASBANK**

*Verrig Volksdiens !*

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

*Terme uiters billik.*

**RAADPLEEG SASBANK**

PAARL:— Posbus 266.

WORCESTER:— Posbus 57.

KAAPSTAD:— Posbus 2387.

**Belangrike Aankondiging**

***PAS VERSKYN***

**Menslike Physiologie (Deel I.)**

deur

**H. E. Brink, D.Sc. (Stell.).**

553 blss. 116 teksfigure. Prys 20/-. (Posgeld 9d.)

'n Standaard handboek vir mediese studente, B.Sc.-studente, studente aan Opleidingskolleges en onderwysers van Physiologie aan Hoërskole.

Weens papierskaarste is slegs 'n beperkte aantal eksemplare van hierdie baie waardevolle handboek verkrygbaar.

Plaas dus dadelik u bestelling by u plaaslike boekwinkel of direk by die uitgewers:

**Pro Ecclesia-Drukkery**

**Die Laan Stellenbosch**




**£100,000** in aandele is sedert Maart laaslede deur lede van die publiek onderskryf in Excelsior Meubels Beperk. Die jongste finansiële state weerspieël groot winste oor die afgelope boekjaar en 'n diwidend van 8% word weer verklaar op inbetaalde kapitaal.

U soek na 'n suksesvolle saak om u geld in te belê en hier is u kans! Besoek ons organisasiekantore waar u kan verneem van die groot omset en uitbreidingsmoontlikhede van ons sewe takwinkels en twee fabrieke of vra om inligting op die vorm hieronder.*

Organisasiekantore:— **Johannesburg:** Spoorbondkasgebou, de Villiersstraat. **Kaapstad:** Kamer 614, Groote Kerkgebou. **Bloemfontein:** St. Andrewstraat 123. **Port Elizabeth:** Kamer 617, Colonial Mutualgebou.

**EXCELSIOR MEUBELS BPK.**

* **Die Sekretaris, Excelsior Meubels Bpk., Posbus 6670, JOHANNESBURG.**

Stuur asseblief besonderhede van u aandele aan:—

M. ..........................................

..........................................

(O.B., 3 Nov. 43). ..........................................

*Ons sukses is u voorspoed*

# Geklassifiseerde Advertensies

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Handelsadvertensies:** 3d. per woord, minimum 6/- per plasing.

**Persoonlike Advertensies:** 2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël — minimum 4/- per plasing. Advertensiegelde is streng vooruitbetaalbaar. Stuur advertensies aan Voorslag Edms. Bpk., Posbus 1411, Kaapstad.

INTEKENGELD. (Streng vooruitbetaalbaar).
Deur Kommando: 6/- per jaar, 5/- per halfjaar.
Nie deur Kommando maar direk by Voorslag Edms. Bpk.: 10/- per jaar, 5/- per halfjaar.
Adresveranderinge: 1/- per adresverandering.

## GEBOORTE

HATTINGH. — Aan Korp. en mev. Kosie Hattingh van Frankfort 'n fris O.B.-dogter op 27 Sept. Die O.B. jeug groei.

ROBERTSON. — Aan mnr. en brandwag S. Robertson, Duncan-weg, Wynberg, 'n fris O.B.-dogter op 24 Oktober. Naas die Heer ons hartlike dank aan dokter en verpleegsters.

## VERLOWING

OLIVIER—STRASSBERGER: Hiermee maak ons twee, Nancy Olivier en Reinhold Strassberger, beide van Clanwilliam, bekend, dat ons op 26 Oktober verloof geraak het.

## GELUKWENSING

Geluk, voorspoed en vreugde word hiermee toegewens aan Genl. H. A. J. du Toit, op sy geboortedag, deur Lindley Vrouekommando.

## DOODBERIG

DE KLERK. — Verhuis na haar Hemelsewoning op die middag van 26 Oktober 1943, my teerbeminde moeder.

Slaap sag liewe Moeder,
Selfs in die dood bly u my Hoeder

Haar bedroefde seun Hennie, Kaapstad.

## IN MEMORIAM

HEYNS. — Ons dierbare vader Gert F. Heyns is op 10 Oktober reeds 'n jaar van ons weg.

Hy het vir ons gewerk, gesorg, gebid, gewaak
Hy het vir ons die lewe soet gemaak.

Sy verlangende kinders Skalkie en Getruida.

..STANDER. — Een jaar van stille trane en bittere eensame verlange is verby. Met treurende harte dink ons terug aan die namiddag van 3 November, 1942, toe ons allerdierbaarste Moeder, Miemie Stander, Fairview, George, so onverwags van ons weggeneem is. Vir ons was sy „soos 'n lelie tussen die dorings en soos 'n appelboom onder die bome van die bos." Ja, die liefde en onselfsugtigheid self. 'n Israeliet sonder bedrog!

As die nag sy donker sluier
Statig oor die aarde stu,
Is daar weemoed, liefste Moeder,
in die harte wat verlang na U.

U verlangende kinders, Attie en Hettie, Diens-en-Dade, Graaff-Reinet.

## BYEENKOMS

Geliewe kennis te neem dat dr. C. H. Rautenbach, Maandag, 22 November 1943, 'n vergadering in die Ambulanssaal, Cricketstraat, Bloemfontein, om 8 n.m. sal toespreek. Geliewe soveel moontlik te kom.

## BETREKKING GEVRA

JONG dame, Universiteits-student soek 'n betrekking van begin Desember tot middel Februarie 1944. Rig aansoeke aan Student, P/a. Bus 1411, Kaapstad.

SEUN wat Senior-sertifikaat skryf einde 1943 soek betrekking van begin Januarie 1944 tot einde Februarie. Rig aansoeke aan: Werk, P/a. Bus 1411, Kaapstad.

## BENODIG

2 AFRIKANER dogters, betroubaar en lief vir kinders, ook vir algemene huiswerk en kook. £3 — £4 per maand volgens bekwaamheid. Mev. R. L. Barry, Reitzstraat, Robertson.

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro- Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.

## TE KOOP

ERWE. — Potchefstroom, 4 erwe in 'n blok; goeie grond. Regte omgewing. Ook halwe erf. Skrywe: Erwe, Posbus 4892, Johannesburg.

MELK en VLEIS! Dunbar Rooipoenskopstoetery bied geregistreerde en hoëgraad jong bulle aan, almal kalwers van die ingevoerde top stoetbul Knepp Solicitor. Vir verdere besonderhede en pryse besoek, of skryf aan: Enslin, Pos Gloria, Middelburg, Transvaal.

BYNA nuwe Philips 28-wiel damesfiets, £7-15-0. Ook tefies, 15/- stuk; vader geregistreerde steekhaar-terrier; moeder opregte fox-terrier; Kassies spoorvragvry terug. P.S. Greyvensteyn, Posbus 64, Zastron.

Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. J. G. Benadé. Sasbankgebou, Bloemfontein.

PATATRANKE. — Beroemde Kleinkaroopranke, beskikbaar vanaf 15 Oktober tot Januarie. Bestel dadelik vooruit. Sesmaande ranke 6/9 per duisend, driemaande ranke 7/9 per duisend, gelewer in sakke, Plathuishalte. Kontant voor aflewering. A. H. de Vries, Warmwatersberg, Barrydale.

DEEL in die Winste. — Weet u alles van die opspraakwekkende verowering van die meubelmark deur 'n suiwer Afrikaanse-onderneming? Excelsior Meubels se pragbrosjure toon hoe ses groot takwinkels en twee fabrieke in diens van die volk presteer. U kan deel in die winste — die brosjure verduidelik hoe. Skryf dadelik om gratis brosjure aan: Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6670, Johannesburg.

GUERNSEY-bulletjies altyd op hand. Van 4 tot 12 maande oud. Alle beeste deur my geteeld is geregistreer. Stoet-bul van die beste in ons land. Bottervet van 'n baie hoë gehalte. Eienaar is lid van Guernsey-Beestelers-Vereniging. Om pryse en besonderhede skryf aan: J. G. Kemp, Bus 16, Kirkwood.

LEMOENE. — Valencia-lemoene, lemmetjies en Pomelos (grape fruit) 2/6 per sakkie hier, vir nie minder as 5 sakkies, K.M.B. H. S. Visser, Elandsfontein, Clanwilliam.

BESTE kwaliteit Heuningtee: 93 pond 18/6 50 pond 10/-; 25 pond 5/6. Biesie-Besems met steele 2/-. Besems vir huishoudelike gebruik 1/6 met steele. Gelewer Bushalte, Speelmanskraal, George. K.M.B. J. P. Wagener, Klip Rivier, P.K. Speelmanskraal, George.

## HOEDE

BRING of stuur u ou hoede vir herstelwerk na mev. Verster, Aliwalstraat 20, Bloemfontein. Goeie werk en billike pryse gewaarborg. Strooihoede kan op verskillende kleure gekleur word op die regte manier.

**HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE**
**Bus 660 — Johannesburg**

Krisante, planttyd Oktober-November, met name: Tuinversameling pragtig gesorteerde kleure, 9/6 vir 6, 15/6 per dosyn. Luuksesortering pragvertoonsoorte, 10/6 vir 6, 18/6 per dosyn. Operasortering, nuutste reuse-spogsoorte, goud, brons, rooi, wit ens. 21/- per dosyn, 12/6 vir 6. Amerikaanse angeliere, beste genaamde soorte, behoorlike sorterings, 7/6, 10/6, 12/6 per dosyn. Kontant met bestelling.

**W. VOIGT BPK.,**
**HUGENOOT.**

*Fabrikante van . . .*

*Kelder en Besproeiings*
*Masjinerie,*
*Sleepwaens,*
*Boerewaens, Ens., Ens.*

Foon: Paarl 23.

**Posbus 10, Hugenoot.**

## VERJAARDAGKETTING

4 **Nov.:** Hendrik Emanuel Nel (P.K. Aughrabies), Jannie Botha (George), Adam Barnard (George), Elsie Lotze (Noorder-Paarl), Agnes Muriel Wiat (Port Elizabeth), Pieter Eksteen (Dist. Paarl), Nella Wilson (Kakamas), Nelie Venter (Pietersburg), Pauline van Niekerk (Soltaire), Magdalena Elizabeth Prinsloo (Paul-Reux), Marie Dorethea Bester (Paul-Roux).

5 **Nov.:** Fredrik Stander (George), Albertus Rust, (Stellenbosch), Emmie Steyn (Stellenbosch), Anna Coetzee (Upington), Anna van Schoor (Wellington), Solomon Bellingan Marais (Kirkwood).

6 **Nov.:** Hendrika Johanna M. A. Pieters (P.K. Lindley), Pieter Neethling (Stellenbosch), Jacobus H. Blom (Sutherland), Ebenaezer Benedictus Louw (P. K. Lambrechtsdrift), Jackie Theron (Strand).

7 **Nov.:** Margaretha Aletta Prinsloo (Paul-Roux), Ann Pickard (Paarl), Cecilia v. d. Meulen (Bedford), Nicolaas Salomo Louw (Lambrechtsdrift), Daniel Josef Johannes Botha (Port Elizabeth), J. Bouwer (Somerset-Oos).

8 **Nov.:** Aletta Barnard (George), Piet Boshoff (George), Louis Nortje (Beaufort-Wes), Abraham du Plessis (Sutherland), Delena Joh. van Rensburg (Dist. Mosselbaai), Danie Siebrits (Franschhoek).

9 **Nov.:** Hugh Louw (Houtbaai), Stephanus Johannes Bester (Paul Roux).

10 **Nov.:** Friederich Fobian (Stellenbosch), Jan G. Solms (Stellenbosch), Benjamin Marais (Paarl), Carel Johannes Potgieter (Kirkwood), Wessel Oosthuizen (Pietersburg).

**SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.**

## KENNISGEWING

**Polis No. 234682 vir £1,000 op die lewe van CORNELIUS BRINK LIEBENBERG.**

Daar die oorspronklike polis verlore geraak het word hiermee kennis gegee dat 'n gesertifiseerde afskrif daarvan kragtens Wet No. 37 van 1923 uitgereik sal word tensy die oorspronklike polis by hierdie kantoor ingelewer word binne drie maande vanaf hierdie datum.

M. S. LOUW,
Mede-Hoofbestuurder en Aktuaris.

Waalstraat 28,
Kaapstad.
24 Sept. 1943.

## Schoemanello Drank . . .

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL.—As u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraal-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi en Wit | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Soet Muskadel en Port | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Worc. Hock en Pontak | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 1/- | 11d. | 4/9 |
| Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/3 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 7/6 | 6/6 | 36/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 6/3 | 34/- |
| Brandewyn, F.C. | 6/6 | 6/- | 33/- |
| **LIKEUR-BRANDEWYN:** | | | |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Peperment en van der Hum .. .. | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| **JENEVER LIKEURS:** | | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | 6/6 | — |

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraal bevat. Terme: — K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

**JURGENS SCHOEMAN,**
**POSBUS 142, — OUDTSHOORN.**

## Gesonde Nywerheidsontwikkeling

(Vervolg van bls. 5, kol. 3)

### EENVOUDIGER

Ook sal dit ons volk geen skade en ongerief aandoen as daar 'n vermindering van die baie modelle en soorte van fabrikate kan bewerkstellig word nie. Immers, die produksieproses sal baie eenvoudiger en goedkoper gemaak kan word as slegs 'n paar standdaarde van elke artikel vasgelê word. Waarom moet die verbruiker voor 'n keuse uit honderd-en-een soorte skeerlemmetjies gestel word terwyl 'n paar soorte en standaarde voldoende sou gewees het? Dit sal dan ook baie makliker wees om 'n ou artikel te verplaas.

Ten slotte moet ons weereens beklemtoon dat ons Afrikaners nou reeds vir ons moet voorberei vir die nywerheidsontwikkeling van ons land. Ons moet bereid wees om die nodige ervaring op te doen en dan as selfstandige ondernemers in die nywerheidswese te waag. Die Afrikaner wat vandag oor kapitaal beskik, moet ook bereid wees om dit in die nywerheidsontwikkeling van ons land te waag. Dit is nie die staat se plig om dit te doen nie. Al wat die Gesagstaat kan doen is om beter geleenthede vir sulke beleggings te skep en om dit te beskerm.

**Advertensies is die polsslag van Die O.B. Help die adverteerders om daarin te adverteer deur by hulle te koop en Die O.B. te noem.**

**G. A. FICHARDT, Beperk**
(Lid Afrikaanse Handelsinstituut)
**MASJINERIE, YSTERWARE, PRODUKTEHANDELAARS**
Foon 700 — Opgerig 1848
**BLOEMFONTEIN**

**MEUBELS**

PRYSE STYG VINNIG.

***KOOP NOU !***

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.

**Werda Meubelhandelaars (Eiendoms.) Beperk,**
**Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.**
Posbus 210. — Foon 2-6806.

**DE KOCK se GARAGES**

Voortrekkerstraat, **MIDDELBURG,** Transvaal.
Herefordstraat, **GROBLERSDAL,** Transvaal.

Eienaar: **D. D. DE KOCK**
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

***TOT U DIENS ! . . .***

**V.M.K. AANBEVEEL.**

**S. J. KRYNAUW**
**Algemene Handelaar en Produkte Koper.**

Spesialis in Dames Tabberds en Manspakke

Mans en Dames Skoene

Kruideniersware teen die billikste Pryse

Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer

**H/V NUWE- en GARCIASTRAAT**
**Foon 68 — — Posbus 54**
**BEAUFORT-WES**

**INTEKENVORM „DIE O.B."**

Die Bestuurder,
Voorslag Edms. Bpk.,
Posbus 1411, KAAPSTAD.

Waarde Heer,

Ingesluit vind u die bedrag van............sjielings, synde intekengeld vir........jaar........maande.

NAAM: ..........................................................
(Naam in Drukskrif asb.)

ADRES: ..........................................................
(Volledige posadres asb).

..........................................................

**Hierdie vorm is alleenlik vir nie-Kommando intekenare.**